

2 November

Skrifgedeelte: Levitikus 19:1-18(NAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 19:1, 2

Lê jou opnuut toe op 'n heilige lewe!

Dis weer 'n nuwe dag vir ons elkeen. Jy gaan terug na jou bekende werkomgewing, ons kinders gaan weer skool toe. Hoe praat en leef die mense tussen wie jy werk en skoolgaan? Is hulle kinders van die Here wat sy wil ultiëf?

Vandag praat die Here weer so duidelik met ons elkeen uit sy Woord. Hy roep ons op om vandag opnuut heilig te gaan lewe. In die huis, by die werkplek, in die skool. Daar waar jy vandag is, moet jy heilig leef! Dit beteken om met jou hele optrede te wys dat jy aan die Here behoort. Dit hou in dat wat jy sê of doen, moet wys dat die Here jou vir Hom afgesonder het as sy kind. Dit beteken om die wil van die Here te ken en uit te leef, om bereid te wees om anders te wees as ander rondom jou.

Levitikus 19 wys vir ons heel praktiese beginsels van wat 'n heilige lewe inhou. 'n Lewe waarin jy die liefde ultiëf op verskeie maniere teenoor jou medemens. Respekteer en gehoorsaam as kind jou ouers en onderwysers. Gebruik jou besittings om hulle wat swaarkry, te help. Betaal jou werknemers billik. Vergewe ander wat teen jou oortree het en moenie op hulle wraak neem nie. Wees eerlik en moenie deel wees van diefstal en korrupsie nie. Praat die waarheid. Vertrou alleen op die Here en nie op die moderne afgode van ons dag soos geld en besittings nie. Doen wat vir die Here aanneemlik is.

Leef vandag heilig en vertoon so toenemend die beeld van die heilige God wat jou geroep het as sy kind. En weet verseker: jy hoef hierdie verantwoordelikheid nie bloot met jou eie krag aan te pak nie. Deur die krag van die Heilige Gees wat in jou woon en werk, kan jy jou vandag opnuut toelê op 'n heilige lewe.

Sing: Psalm 99:4, 5 (1936-beryming)

Ds L du P van der Vyver (Silverton)